# AFDELING
# A

# AFDELING A.

## HOOFSTUK 1.

## 'N STUDIE OOR DIE ONTWIKKELING VAN DIE CHRISTELIKE PSIGOLOGIE.

1. Prinsipiële Psigologie.

(a). Inleiding.

Die psigologie is in die eerste instansie 'n waardevolle en interessante feite-wetenskap. Maar alle feite word deur die wetenskaplike geïnterpreteer. Daarom is die psigologie in die tweede instansie ook 'n wetenskap waarin die psigologiese feite geïnterpreteer word.

Die interpretasie van alle feite geskied in die lig van ons algemene- en vak-wetenskaplike kennis, maar veral in die lig van ons lewens- en wêreldbeskouing.

So bring verskillende lewens- en wêreldbeskouinge, verskillende psigologiese sisteme mee. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing bring dus mee 'n Christelike psigologie.

Daar is geen wetenskap waarin 'n mens met fyner vraagstukke en onderskeidings te doen het as juis in die psigologie nie. En daarom is dit so 'n uiters wenslike maar moeilike taak om op die gebied van die psigologie ook die konsekwensies van die Christelike denke en ondersoek na te gaan.

Die Christen stel hom deurgaans op Skriftuurlike standpunt, en al weet hy dat die Heilige Skrif geen leerboek van enige vakwetenskap is nie, weet hy tog ook dat die Skrif aan hom gegewens van verstrekkende betekenis ook oor die sielelewe van die mens gee, gegewens wat sowel prinsipieel as feitlik van aard is.

Om vir homself formele beginsels vas te lê, let die Christen op die karakter en struktuur van die Woordopenbaring.

Vir hom het die Woordopenbaring betrekking op die verlossingswerk van Christus, maar ook op Christus as skeppings- en herskeppingsmiddelaar. Van hierdie sentrum van Openbaring straal vir hom die lig oor die kosmiese lewe. 'n Psigologie kan dus nie pasklaar en regstreeks uit die Skrif verkry word nie. Selfs terme soos gees, hart en siel is ontleen aan die Joodse taal wat deur die volk gebesig is en wat nie soos die terme in die psigologie begrens is nie. 'n Goeie eksegese is nodig om die inhoud van hierdie terme te verklaar en in die moderne tyd toe te pas.

Die Christelike ondersoeker lees die Skrif in 'n heel ander lig as iemand wat byvoorbeeld net in die skoonheid of die historiese waarde daarvan geïnteresseerd is. By sy metode van ondersoek lees hy die Skrif soos dit gelees moet word: die totale struktuur van die Godsopenbaring moet in sy geheel gesien word. Die Bybel is Gods Woord, en daarin lê die sekerheid en eenheid van die Woordopenbaring. Die tekste en psigologiese feite moet uit die ontplooiing van die totaliteit van die Goddelike openbaring verstaan word. Alleen 'n psigologie wat ons so verkry en 'n psigologie wat in ons pedagogiese totaal pas, is prinsipieel.[1)]

(b). Die Mens is 'n Eenheid. Telkens vind die Christen in die Skrif dat die mens 'n eenheid is. Eerstens is hy geskape na die beeld en gelykenis van God.[2)] Hierdeur word ook die eenheid van God in die hele mensdom weerspieël. Die verskeidenheid van 'n persoonlike lewe kan daarom net uit die geheel verstaan word. Die mens woon in 'n wêreld van kragte, hy het 'n siel met dieptes waarvan hy nie 'n begrip het nie, en tog

---

1. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 17-20.

2. Gen. 1: 26 & 27.

bly hy 'n eenheid, beheers en gedra deur een „ek" as sentrum van die lewe. Alles het op die ek betrekking: al die uitinge van die lewe, wil, voel, dink, streef, weet. Dit is opvallend dat Bavinck reeds in 1908 hierdie grondgedagte so suiwer en raak gegryp het:

> „Het geheel is niet atomistisch uit saamvoeging der deelen, maar omgekeerd de deelen zijn organisch uit de ontplooiing der totaliteit te begrijpen. Achter het bijzondere ligt het algemeene en het geheel gaat aan de deelen vooraf." 1)

Deur die sonde het daar egter 'n skeuring in die mens se siel gekom. Veral by die wedergeborene kom die verskeurdheid op 'n pynlike wyse voor. Deur die stryd tussen die goeie en die kwade in die siel, tussen die ou en die nuwe mens in hom, tussen die vlees en die gees, word die mens se persoonlikheid heen en weer geslinger, selfs verdeel en gebreek. Op elke bladsy van die Skrif is die stryd aangeteken. Maar die Woord van God eis dat die mens nooit daarin mag berus nie. Die eis bly dat ons God moet liefhê met ons hele hart en met ons hele siel en met ons hele verstand. 2) Gods eis bly onveranderd maar ook die sug na eenheid by die gelowige; daarom bid hy gedurig:

> „Leer my na u wil te handel,
> 'k sal dan in u waarheid wandel;
> neig my hart en voeg dit saam
> tot die vrese van u Naam."3)

Hierdie eis beheers die hele sielelewe en dus ook ons kennis daarvan. Die Skrif leer ons dat die laere sielekragte deur die sonde verwoes is en dat die psigé hardnekkig vashou aan die sondige kragte, maar dat die pneuma, die gees wat wedergebore is deur die goddelike Pneuma, die beginsel van die nuwe lewe is. Daar is dus nie 'n teenstelling tussen stof en gees nie. Die sonde kleef egter nie noodsaaklik aan die

---

1. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 183.

2. Matth. 22:37.

3. Ps. 86:6.

vlees of die psigé vas nie; die gees, siel en liggaam, geheel-en-al moet onberispelik bewaar word.[1] Die kwaad is dus 'n verkeerde lewensrigting waaraan gees, siel en liggaam onderworpe is.[2]

(c). Die Funksionele Neutraliteit.

Die heidense gedagte dat daar binne die funksie-totaal, hoër of laer, beter of slegter funksies is, word deur die Christen verwerp. Die funksies op sigself is goed, maar die sonde het dit in die verkeerde rigting gestoot. Die geloof is byvoorbeeld by alle mense teenwoordig; die Christengelowige rig dit op Gods Woord, die nie-Christen op 'n surrogaat daarvan. Net so min as die wil het die geloofsfunksie vir die Christengelowige 'n inhoud; dit is nie substansies nie, maar funksies.[3] Alle funksies ( ken, voel en begeer ) is kostelike gawes van God. Anders sou die nie-weergeborene dit nie kan sien[4] of begryp nie.[5] Die mens se gevoelens is bedorwe en die begeertes verontreinig deur die sonde, tog bly dit gawes van God. Die gees kan mooi gedagtes koester, die gemoed kan tril van berou, droefheid of blydskap in God, die hart kan edele begeertes opwek. Die sonde skuil nie in een of ander funksie nie - hulle is skoon en edel - maar die sonde het die menslike siel as geheel aangetas en al die funksies bederf.[6] Hieruit volg nie dat daar van die funksies elk afsonderlik gespreek moet word nie. Terwille van metodiese oorwegings behandel ons die funksies naas en na mekaar, sonder skeiding. Die vermoëns, funksies, bewussynsverskynsels kom nooit geïsoleerd voor nie, maar staan innig en wederkerig met mekaar in verband en hulle kom saam uit die diepte van die persoonlikheid.

---

1. 1 Thess. 5:23.
2. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 20-21.
3. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 21.
4. Johannes 3:3.
5. 1 Kor. 2:14.
6. Bavinck: op. cit., 21.

„De scherpe onderscheiding die de Schrift overal maakt tusschen het functioneele en het Zedelijke is een van de meest gewichtige beginselen voor de Christelijke psijchologie".[1]

(d). Die Nie-bewuste.

Lank voordat die diepte-psigologie die aandag op die nie-bewuste gevestig het,[2] het die Skrif dit aan die lig gestel. Veel omvattender en ryker as wat die bewussyn kan weerspieël, is die bestaan van die siel. Talle verborge kragte wat selfs vir die speurende oë van die psigoloog in wese en oorsprong nie sigbaar is nie, werk in die siel van die mens. Daar kan neiginge verborge wees; daar kan veranderinge plaasvind wat die mens aanvanklik self nie besef nie.[3] Die siel is 'n terra incognita, 'n onbekende land wat nooit in sy geheel binnegedring kan word nie[4] - daarom ook dat die psalmis nadat hy moeg geword het van selfondersoek, sy hart ooplê met die volgende woorde:

„Deurgrond, O HEER, en ken die swart,
verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees,
'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede
tog op die weg van eewge vrede."[5]

(e). Die Wese en Oorsprong van die Siel.

Veral by die ondersoek na erflikheid van die geestelike eienskappe kom die vraag by die mens op oor die wese en ontstaan van die siel. Verskeie persone en rigtinge het hiervoor 'n antwoord probeer vind. Die pre-eksistensianisme, is die leer van die voorbestaan van die siel, dit wil sê die siel het bestaan voor die liggaam. Selfs die Christendom het hierdie platoniese gedagte laat binnedring in 'n uitspraak dat alle siele gelyktydig met die siel van Adam geskape is. Daar is

---

1. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 21.
2. V.d. Hoop: Nieuwe Richtingen in de Zielkunde, 263-286.
3. Bavinck: op. cit., 22.
4. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 21-22.
5. Psalm.139:12.

egter geen enkele feit wat hierdie vermoede sterk nie. Verder is hierdie verkondiging oor die skepping en val van die mens in stryd met die Heilige Skrif.

Die tradusianisme of oordragingsleer wil dat die siel soos die liggaam deur voortplanting ontstaan. Enkele teoloë onderskryf dit vandag nog op grond daarvan dat die sonde oorgeërf word en dat kinders na die gelykenis en ewebeeld van hulle ouers gebore word. Dit is egter moeilik om die onsterflikheid van die siel te verklaar as in die wording en oordraging van die siel geglo word. Daarby sal dan ook moet kom dat 'n wedergebore siel ook so 'n siel sal moet voortbring. Genade is egter nie erfgoed nie; elke geboorte is in beginsel 'n nuwe skepping.[1]

Bavinck was 'n oortuigde kreasianis.[2] Hierdie rigting wat ook deur die Rooms-Katolieke kerk onderskryf word, beweer dat God elke siel skep. Hier stuit ons egter teen die feite van die erflikheid en teen die leer van die erfsonde.

Waterink[3] soek die oorsprong in 'n rigting waarby sowel die skepping van die onsterflike gees as die erflikheid van die geestelike eienskappe gelyke regte het. Hy het dus 'n standpunt tussenin. By siel en liggaam onderskei hy tussen psigé en pneuma en hy beskou die psigé as draer van die laer funksies. Hulle is onderworpe aan erflikheid. Die pneuma is die draer van die wil en denke en is die onsterflike persoonlikheidskern. Hiermee beweer Waterink nie dat die saak afgehandel is of dat die laaste woord daaroor gesê is nie, maar tot dusver beskou hy dit as die enigste oplossing.

Die vraag kom hier egter op hoe dit dan met die

---

1. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 23-24.

2. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie.

3. Waterink: De Oorsprong en het Wezen van de Ziel.

onopsplitsbaarheid van die mens gesteld is. Word dit nie hier 'n dubbele dichotomisering nie? Die antwoord wat Waterink hierop gee, is dat ons nie kan spreek van 'n driedeling van die mens, naamlik liggaam plus siel plus ek nie, maar hoogstens van 'n tweedeling.[1] Die mens is „ek" én somaties-psigiese totaal of ook wel: „natuur".[2]

Ons moet egter waak om die mens nie as 'n optelsom voor te stel nie;[3] die mens se gees deurdring sy hele wese. Die „ek" is nie ingeskroef in die psigies-somatiese nie. Ons kan nie skei nie maar wel onderskei.

Daar is aansluiting van kragte en by elke skepsel is daar iets nuuts wat van God gegee is, maar hoe die kragte saamgesluit word, sal vir die mens altyd 'n misterie bly. By die mens is daar iets ver bo die dinge wat hy erf; daar is iets wat vir die ewigheid bestemd is.[4] Dit is van God en ons kan dit nie verklaar nie. Die mens bly 'n eenheid van wat hy geërf en van wat God geskep het.

(f). <u>Die Verhouding tussen Siel en Liggaam</u>.

Die mens bestaan kragtens die skeppingsordonnansie uit liggaam en siel. Hy weet dat hy 'n eenheid, 'n persoonlikheid is, tog bestaan hy tweeledig: na liggaam en na siel, wat onderskei maar nie geskei kan word nie.

Die psigo-fisiese parallellisme, die materialisme en die psigiese monisme het getrag om hieraan 'n antwoord te gee, dog sonder om die Christen te bevredig.

Die Christen beskou die persoon, die hele mens as

---

1. Waterink: De Oorsprong en het Wezen van de Ziel.

2. Ibid., hoofstuk IV.

3. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 25.

4. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 22.

verantwoordelik vir al sy dade; daarom veronderstel die verlossingswerk van Christus ook die eenheid van die menslike natuur.[1]

(g). Die Moontlikheid en Noodsaaklikheid van die Opvoeding.

Dit is vir die Christelike psigologie van besondere betekenis om ook antwoord te gee op die vraag oor die noodsaaklikheid en die moontlikheid van die opvoeding van die mens. Die mens is vir hom nie 'n suiwer produk van erflikheid nie en ook nie enkel opvoedingsproduk nie. Vir die Christen is die aanleg en omgewing by die kind van besondere belang, maar daar is veel meer, naamlik: die sonde en genade in die menslike lewe. Nie alleen word die kind in sonde gebore nie, maar die misdaad van die vaders besmet ook die kinders, selfs tot in die derde of vierde geslag.[2]

Die feite van erflikheid word deur die Christelike psigologie aanvaar, maar daar is ook die Goddelike genade waarmee rekening gehou moet word. In die wordende mens werk regerende kragte waarvan die erflikheidsleer nie rekenskap kan gee nie. Dit is die werking van die Heilige Gees wat op die terrein van die opvoeding nie onderskat moet word nie.

Opvoeding is vir die Christen soos saad op 'n akker: dit spruit uit sonder dat hy self presies weet hoe dit gebeur.

2. Die Ontwikkeling van die Psigologie tot die jaar 1900.

(a) Die Ou Tyd.

(1) Inleiding:

In die oudheid is daar reeds veel oor die wese en kragte van die siel gedink.[3] Nie alleen die Griekse wêreld

---

1. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten in de Opvoeding, 25-27.

2. Ex. 20:5.

3. Langer: Psychology and Human Living, 16.

nie, maar elke volk wat oor die vrae van die wêreld en die lewe nagedink het, het met die vraagstuk van die menslike siel te doen gehad.[1] Oor die eienskappe, die herkoms, die vermoëns en die bestemming van die siel is nagedink en elke volk het dan ook hierop 'n antwoord gevind. Reeds by die Egiptenare was daar 'n sterk besef van die mens se onsterflikheid. Die meeste volke egter het die siel as nie-sterflik en tog nie onstoflik nie, voorgestel: dit was iets fyns, skimmigs, ongrypbaars, misterieus.

Diepsinnige beskouings het nie ontbreek nie. Indië het reeds vroeg tot die slotsom geraak dat die siel 'n besonder hoë en edele wese is; dit is anders as alle ander wesens, kleiner as 'n garskorrel en tog groter as wêrelde. Die siel is gevang in 'n stoflike wêreld en ly gebrek. As die siel tot bevryding wil kom, moet hy hom van al die psigiese vermoëns losmaak en tot homself inkeer om rein te word. Dan sal die siel bemerk dat hy ver bo die stoflike dinge verhewe is met 'n ewige bestemming. Die siel is in die menslike lewe 'n onsigbare toeskouer op die agtergrond. Die Indiese psigologie is in die praktyk soms buitengewoon materialisties. Dit neem aan dat diep in ons, geheel op die agtergrond, onbegryplik en onbereikbaar, 'n goddelike wese van 'n geheel ander orde setel. Die psigologie hang ten nouste saam met die Indiese panteïsties-georiënteerde godsdiens.[2]

(ii). Griekeland.

In Griekeland is die gedagtes oor die siel heeltemal anders, en die beskouing van die Grieke het dan ook op die Weste se opvattings groot invloed uitgeoefen. Plato meen dat die siel nie by die liggaam hoort nie[3] en net soos die

---

1. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 5.

2. Ibid., 5-6.

3. Brett: A History of Psychology, 21-22.

Indiërs beskou hy die siel ingekerker, maar deurdat die siel in die liggaam is, ontwaak uit die liggaam sommige psigiese kragte. Omdat dit egter in die stof gewortel is, is dit veragtelik en minderwaardig. Daar is twee siele, die laere en die hoëre; die eerste setel in die ingewande en laasgenoemde in die hoof. Tussen die twee is daar 'n derde siel wat in die bors setel en die draer is van die gemoed.

Aristoteles (384-322 v. Chr.) het tot suiwerder konklusies gekom as sy groot leermeester Plato, en hy word ook algemeen beskou as die grondlegger van die sielkunde,[1] meer bepaald as die vader van die vermoënspsigologie. Aristoteles onderskei 'n drieledige siel. In die eerste plek onderskei hy die plantesiel, wat hom op die voeding en die voortplanting rig. Die dieresiel is hoër en besit ook die krag van gewaarwording deur die sintuie. Daar is ook by die dieresiel die begeerte wat tot liggaamsbeweging aanleiding gee. Derdens en bo alles is daar die menslike siel, die sogenoemde noes, die denkende siel, waaraan net die mens deel het. In die menslike siel onderskei hy twee vermoëns: eerstens die ken- en dinkvermoë, wat na binne gerig is en die mens in staat stel om prikkels uit die binnewêreld op te neem, en tweedens die streef- en begeervermoë, waardeur die mens homself na buite kan openbaar.[2]

Sy psigologie bevat 'n skat van gedagtes en met die eerste oogopslag is daar soveel ooreenkoms met die Bybelse gegewens dat dit ook geen wonder is dat die Christelike filosofie en wetenskap wat in die latere eeue ontstaan het, dié gedagtes in groot mate hom toegeëien het nie.

(iii) Die Skolastiek het die vermoënsleer oorgeneem en gechristianiseer. Reeds Augustinus het in aansluiting by die

---

1. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 30.

2. Ibid., 30.

Grieke die grondlyne getrek, maar die skolastiek werk dit uit, en die Rooms-Katolieke en Protestantse teologie het dit verder oorgeneem.[1]

In teenstelling met Plato word deur die skolastiek een en dieselfde siel gehou vir die beginsel van alle lewe in die mens. Daar is drie dele of substansies in die siel, en dit setel in die hoof, bors en buik. Die siel van 'n mens is op 'n liggaam aangewys en daarvoor georganiseer en die liggaam is geen kerker van die siel nie maar sy natuurlike orgaan. Al na gelang van die organe van die liggaam, waarin die siel werksaam is, is die lewe verskillend. Soos Aristoteles[2] reeds opgemerk het, is daar drieërlei werksaamhede van die siel te onderskei. In die voedingsverterings- en voortplantingsorgane is die siel werksaam as anima vegetativa. 'n Hoër werksaamheid oefen die siel uit as anima sensitiva deur die sintuie van tas , reuk, smaak, gehoor en gesig. Die hoogste verhef die werksaamheid van die siel hom as anima intellectiva of rationalis. Hierdeur gaan dit ver bo die plant en die dier uit en hierdie werksaamheid oefen die siel uit hoofsaaklik deur die harsings wat in die hoof setel. As sodanig het die siel twee vermoëns: verstand en wil. Die verstand toets die dinge aan die logiese wet; maar dit spreek ook 'n oordeel uit oor wat goed en kwaad is en dit word genoem die gewete. Die tweede vermoë van die siel, naamlik die wil, verskil van die begeerte daarin dat dit op redelike oorleg berus. Dit veronderstel dus die verstand en bring handelinge voort wat of onmiddellik met die wil self gegee is, of op bevel van die wil deur die liggaam uitgevoer word.[3] Oor die primaat van wil of verstand was daar groot verskil.

---

1. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 25.
2. Stern: General Psychology, 287.
3. Bavinck: op cit., 26.

Augustinus (oorl. 430), Duns Scotus (oorl. 1308) e.a. het die wil in sekere opsigte primêr beskou; Thomas van Aquino (oorl. 1274) het aan die verstand voorrang toegeken.[1]

'n Mens verbaas jou dat die Grieke, wat so ver gestaan het van die gedagte oor sonde en die wese van die siel, tog so naby kom aan die Christelike opvatting soos dit deur Gods Woord gegee is.[2] Die Griekse denkwyse, wat in wese intellektualisties is, het egter gevange gebly in die teenstelling van chaos en logos en kom daardeur nie tot suiwer insig in die wese van goed en kwaad nie.[3]

(b). Die Nuwe Tyd.

Die sielkunde van die nuwe tyd het sy ontstaan veral in Engeland gedurende die 15de en 16de eeu onder invloed van die uitvindings en ontdekkings. Die bande van die kerk het geknel en oral was daar 'n drang na vryer ontwikkeling. Groot veranderinge word aangebring: deur die renaissance op kunsgebied, deur die republikanisme op politieke gebied, deur die humanisme op geestelike gebied en deur die reformasie op die gebied van die godsdiens.

(i). Bacon van Verulam (± 1600) met sy induktiewe metode,[4] dit wil sê: in die weg van waarneming, versameling van feite, klassifisering van gegewens, trek van konklusies en opstel van wette, het 'n einde gemaak aan die kritieklose navolging van Aristoteles en die skolastiek.[5] Hy het 'n laer en hoër siel onderskei waarvan laasgenoemde van Goddelik oorsprong is.[6]

---

1. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 31.
2. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 7.
3. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 26-27.
4. Bigot: Psychologie, 166.
5. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 31.
6. Bavinck: op. cit., 27.

(ii). John Locke. (1632-1704) en voor hom reeds die Fransman Descartes (1630) en na hom die Duitser Wolff (1720) het die induktiewe metode aangeprys vir die psigologie. Locke veral wys op die groot belang van selfwaarneming en waarneming van ander. Hierdie waarneming het hy as bronne van die psigologiese wete beskou terwyl die empirie ons die kennis verskaf van wat in ons en ander se siele omgaan.[1] Hy is die grondlegger van die empiriese psigologie. Alle kennis moet uit waarneming kom, hetsy uitwendig deur sintuie, of deur werksaamhede van die bewussyn.[2]

(iii). Die Assosiasie-psigologie. David Hume (1711-1776) werk die grondgedagte van Locke verder uit. Hume is 'n gebore psigoloog, 'n noukeurige waarnemer van die innerlike gebeure en het 'n onmiskenbare neiging om die hele filosofie op die sielkunde te laat rus. Dit gaan by hom enersyds om die elemente van die sielelewe en andersyds om die assosiatiewe samehang daarvan. Hieruit het die assosiasie-psigologie ontwikkel. Dit het in Engeland bly heers tot die 19de eeu by Spencer; ook het dit op die vasteland sterk invloed op Herbart uitgeoefen.[3] Vir een en 'n halwe eeu is die assosiasie-psigologie as die enigste en juiste aanvaar.[4]

Aan die einde van die 18de eeu en onder die invloed van die romantiek ontstaan daar 'n ander opvatting oor die vermoëns-psigologie.

Waar daar vroeër twee vermoëns onderskei is ( digotomie), kom Tetens (1736-1805) met 'n derde, naamlik die gevoel. Kant het laasgenoemde standpunt oorgeneem. Bavinck was aanvanklik digotomis maar het later die leer van die twee vermoëns die rug toegekeer. Oor die primaat kom hy ook nie

---

1. Riemens en Yzer: Groei, 158-159.
2. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 27.
3. Brett: A History of Psychology, 260.
4. Pratt: The Logic of Modern Psychologie, 85.

tot 'n definitiewe uitspraak nie.[1]

Uit die vermoënsopvatting het 'n rigting tevoorskyn gekom wat die psigiese verskynsels liefs fisiologies verklaar het en daarom veel gedoen het aan die fisiologiese psigologie,[2] of soos Hartmann dit genoem het: psigologiese fisiologie.[3]

(iv). By die voorstellings-psigologie van Herbart, (1776 - 1841) is die bewussynslewe 'n voorstelling van meganiese handeling: 'n onophoudelike kom en gaan van voorstellinge. Gevoel en wil ontstaan uit die verhouding daar tussen. Met hierdie leer kies Herbart kant teen die vermoënsteorie.[4] Hy beskou die siel as draer van die psigiese verskynsels. Hy pas die natuurwetenskaplike metode toe en praat van „Statik und Mechanik des Geistes."[5]

(v). Psigofisiek (Fechner, Weber en Müller).

Die psigofisiek het naas die psigologie van Herbart opgekom waar dit om die samehang tussen die geestelike en liggaamlike lewe gegaan het. Die grondlegger van die psigofisiek was G.T.L. Fechner (1801 - 1887). Die gewaarwording, die eenvoudigste bewussynsverskynsel, word ondersoek. Dit gaan om die verband tussen die prikkel van buite en die gewaarwording wat daardeur ontstaan het, te leer ken.[6] Weber[7] en Müller stel verder ondersoek in en hulle stel vas dat daar 'n prikkeldrempel, 'n prikkelhoogte en 'n onderskeidingsdrempel is.

Wundt (1832 - 1920) is die grondlegger van die eksperimentele psigologie.[8] In 1875 rig hy die eerste

1. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 43-76.
2. Ibid., 28.
3. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 173.
4. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten in de Opvoedkunde, 33.
5. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 37.
6. Van Klinken: op. cit., 33.
7. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 55.
8. Rombouts: Zielkundige Begrippen, 4.

psigologiese laboratorium op. Van hier begin die seëtog van die eksperimentele psigologie. Die geheue, die fantasie en die opmerksaamheid word ondersoek. Wundt staan op die grens van die nuwe tydperk ± 1900. Verskillende van sy leerlinge het elk 'n eie rigting ingeslaan.[1)]

3. Die Jongste Sielkundige Strominge, Beskou vanuit die Christelike Standpunt.

(a) Algemeen.

Dit is 'n ingewikkelde proses waardeur 'n wetenskap tot stand kom. Daarom kan die buitestaander nie begryp waarom daar binne 'n wetenskap soveel verskillende rigtinge of skole kan bestaan nie.[2)] As die beginstadium van 'n wetenskap gepasseer is, word daar nie meer voort gespin langs een lyn of een draad van gedagtes nie. 'n Groot aantal ondersoekers, wat hulle gewoonlik om een enkele leier groepeer, probeer dan die gebied ontgin wat vir hulle die aanneemlikste en vrugbaarste voorkom. Sulke skole of groepe het ook hulle eie bepaalde hipoteses en hierin lê gevare opgesluit van eensydigheid. Daarom is 'n hoeveelheid strominge, wat mekaar kruis en deurdring, 'n bewys van sterk wetenskaplike groei. Hieruit vloei ook dat met die vooruitgang van die wetenskaplike insig, veronderstellinge wat op een tydstip as volstrek onbetwyfelbaar skyn te gewees het, later heeltemal of gedeeltelik versaak moet word. So sien ons dan gedurende 'n menseleeftyd dat daar van die „oue" en die „nuwe" rigtinge in 'n wetenskap gepraat word. As die „nuwe" rigting fundamentele veronderstellinge van die „oue" rigting laat vaar, praat ons gewoonlik van 'n „rewolusie" in die wetenskap. Dit egter veronderstel nie dat wat deur die „oue" geleer is, foutief, nutteloos en verwerplik is nie, want die latere

---

1. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 15.

2. Jansen van Rensburg: Sielkunde, 238.

wetenskap staan maar altyd op die skouers van sy voorgangers. Sonder die voorarbeid is die nuwe rigting ook nie moontlik nie.[1] Selfs al word prinsipieel 'n ander rigting ingeslaan en al gaan dit om 'n nuwe en fynere benadering van dieselfde waarheid, tog is instrumente of begrippe van die ouere nodig. Daar word nie telkens van vooraf begin nie.[2]

(b) <u>Die Rewolusie in die Psigologie.</u>

In die eerste kwart van die 20ste eeu het 'n rewolusie in die psigologie hom voltrek. Nie alleen word nuwe gebiede van ondersoek by die bestaande gevoeg nie, maar ook die sentrale begrippe word verander en op ander wyse geformuleer. Die groot verandering wat ingetree het, is deur die medewerking van baie wetenskaplikes tot stand gebring. 'n Groot aantal skole en rigtings het meegewerk om die ommekeer te veroorsaak. Die uitgangspunte is so verskillend dat die strominge mekaar bestry en nouliks van mekaar se werk kennis neem.[3]

Hier kan slegs 'n beknopte oorsig van die belangrikste strominge verstrek en vanuit 'n Christelike standpunt benader word, sonder om hulle chronologies of in rangorde aan te dui. Hier word behandel: die introspektiewe psigologie, die dieptepsigologie, die behaviorisme, die gestaltpsigologie, die denk- en wilspsigologie van die Würzburgerskool, die geesteswetenskaplike psigologie, die tipologie of tipepsigologie, die hormiese psigologie en die noëgenetiese psigologie.

(c) <u>Psigologiese Skole.</u>

(i). <u>Die Introspektiewe Psigologie.</u>

By die studie van die mens se sielelewe word

---

1. Hugo: Karakterstudie en Opvoeding, 1.
2. Bigot en Kohnstamm: Hoofdstukken uit de Psychologie, 6-7.
3. Ibid., 7.

van introspeksie gebruik gemaak, vandaar die naam van hierdie oudste van alle sielkundige rigtinge. Tot aan die einde van die negentiende eeu was dit die tradisionele psigologie. Daaronder verstaan ons 'n koel, saaklike bestudering van ons herinneringe aan 'n psigiese gebeure na afloop van die eintlike belewing daarvan.[1]

Die bewussynsverskynsels uit ons sielelewe word bestudeer: dit is dus 'n psigologie wat op sintuiglike waarneming gegrond is.[2] Die stof word vir studiedoeleindes in gebiede verdeel. Die kenverskynsel word verdeel in gewaarwording, waarneming, voorstellinge, verbeelding, gedagte, herinnering; die gevoelsverskynsels lus en onlus in emosie en sentiment; die strewingsverskynsels in begeertes, wense, drifte, wilsbesluite.[3]

Die voor-die-handliggende gedagte van die introspektiewe sielkunde is om sy stof byeen te bring deur noukeurige selfwaarneming; daarom is die metode van hierdie psigologie selfwaarneming of introspeksie.

Uit noukeurige waarneming van die indiwidu en deur versameling van die indiwiduele gegewens oor die sielelewe van die mens, kan waardevolle en taamlik betroubare gevolgtrekkings vir die gemeenskap gemaak word. As die mens nie sy eie sielelewe self waarneem nie, sou die sielkunde as wetenskap ook nie ver kon vorder nie, want dan sou alle waarneming op uiterlike gedrag gebaseer moet word.[4]

In die nuwe tyd is daar veel besware teen die metode ingebring. Daar word op gewys dat baie psigiese verskynsels verander sodra ons hulle begin gadeslaan; dikwels

---

1. Ten Seldam: Psychologische Hoofstukken, 69-70.
2. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 28.
3. Firth: Machinery of the Mind, 32.
4. Boring: A History of Experimental Psychology, 551.

gebeur daar in ons binneste dinge wat so spontaan en snel verloop dat ons eenvoudig nie die geleentheid het om dit waar te neem nie; veral wat betref die gevoels- en wilslewe is die mens nie 'n neutrale waarnemer nie.

Hoewel hierdie besware ongetwyfeld in vele opsigte gegrond is, kan die introspeksie tog moeilik as psigologiese metode ontbeer word en daarom aanvaar die Christelike psigologie dit as 'n onontbeerlike metode. Dit is juis deur introspeksie dat ons menigmaal die uitinge van ander kan begryp; deur selfwaarneming verkry ons die helderste insig in die geheel van die psigiese lewe; dit werk op sy suiwerste as dit gerig word op wat verby gegaan het. Gedurende die verloop van 'n sielsproses is dit moeilik om self ook tegelyk toeskouer te wees, maar die herinnering bied meestal materiaal wat dankbaar gebruik kan word.

Baie van die besware teen introspeksie as metode kan onderskep word deur die metode op ruimer skaal toe te pas, byvoorbeeld deur vrae aan 'n groot aantal persone voor te lê en hulle te versoek om noukeurig oor bepaalde dinge waar te neem. Eensydigheid in die getuienis van een word dan deur die getuienis van ander aangevul.[1]

Vir die Christelike psigologie is die introspeksie as metode, ten spyte van sy gebreke, van besondere belang. Mits wetenskaplik gebruik, openbaar dit die lewe, gedrag en handeling van die kind. Ook vir die volwassene is introspeksie totaal onmisbaar by die bestudering van kindergedrag, mits die metode wetenskaplik aangewend word.
As die sondige mens sy eie siel gadeslaan en sy handelinge waarneem, sal hy die bevindinge kan gebruik om die kind se gedrag beter te begryp.

---

1. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 29.

(ii). Die Dieptepsigologie.

Die introspektiewe psigologie bestudeer die bewuste sielelewe van die mens en omdat die bewuste sielelewe as 't ware aan die oppervlakte van die sielelewe lê, word dit soms die oppervlakte-sielkunde genoem.[1] Onder hierdie oppervlakte lê egter die grootste deel van ons sieleinhoude. Die dieptepsigologie maak 'n studie van die niebewuste deel van ons sielelewe, dus van die deel onder die oppervlakte waarvan ons gewoonweg in ons lewe nie bewus is nie.

Reeds Herbart het in sy leer van „voorstellinge" (die opduik en weer verdwyning van herinneringe) rekening gehou met die feit dat die sielelewe veel wyer as die bewussyn is. Die samehang tussen die onbewuste en die bewuste sielelewe het egter nooit die aandag van die toenmalige ondersoekers geniet nie.

Ons dank die baanbrekende ondersoekinge op hierdie gebied aan die Weense medikus, Sigmund Freud.[2] Sy ervaring van die sogenoemde senusiekes het hom op die gedagte gebring dat die onbegryplike gedrag van sy pasiënte 'n samehang moet vertoon wat vir hulle self verborge is, deurdat daar uit die bewuste lewe faktore „verdring" is en dat hierdie faktore nie op gewone wyse hul weg na die bewuste lewe kan terug vind nie, maar desondanks op die bewuste lewe 'n groot en blywende invloed uitoefen. As die verdronge faktore in die bewussyn van die pasiënt deur 'n eienaardige handelwyse-psigoanalise-terug geroep kan word, is die eerste voorwaarde tot genesing vervul. As gevolg daarvan dat Freud se verdronge skakels altyd as seksueel gekleurd beskou is, het die offisiële wetenskap 'n lang tyd teen hierdie sienswyse heftig in verset gekom.

Onder Freud se leiding egter het die wetenskap vinnig

---

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 44.
2. Coetzee: Psiegoanaliese. Deel I en II.

gevorder en vertak, vandaar die vertakkings soos: psigoanalise, individual-psigologie, psigopatologie, analitiese psigologie, psigoterapie. Hierin word op die nie-bewuste toegespits. Hier veral is die siel buite rekening gelaat. Die taak van die psigologie word beperk tot die beskrywing van die „stroom" van die bewussyn sonder om na 'n blywende eenheid in die gehele lewe van die persoon te soek. By nadere ondersoek na die gevoelens waarin die eenheid van die persoonlikheid skynbaar soek geraak het, leer 'n mens meer en meer insien dat die eenheid nie verbreek is nie maar verduister is; dit is vir die persoon self verduister en kan alleen met behulp van 'n deskundige die weg tot die oorspronklike eenheid terugvind. Die taak is moeilik omdat die verduistering verder na vore terug gaan, namate 'n mens meer ervaring opdoen. Emosionele steuringe, skrik en skok uit die vroegste kinderjare het geblyk hierdie siektegevalle te beheers.

Rivers, Jung en Adler het die gedagte van Freud breër uitgewerk.

Die metode[1] waarvan die dieptepsigologie gebruik maak, sluit die psigoanalise, die woord-assosiasie, die suggestie en die hipnose in.[2]

Die nie-bewuste sielelewe van die mens is die terrein van hierdie sielkundige rigting. Omdat die nie-bewuste nie toeganklik vir onmiddellike waarneming is nie, kan daar ook nie 'n duidelike indeling van die stof gegee word nie, maar alleen 'n denkbeeldige indeling, gebaseer op die bewustheid van ons sielelewe.

Eerstens het ons dan ons herinneringe; dit is inhoude of verskynsels waarvan ons op 'n gegewe oomblik nie

---

1. Jung: The Integration of the Personality, 98-101.

2. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 46.

bewus is nie maar wat tog enige oomblik tot die bewussyn kan deurdring. Omdat hulle net onder die oppervlakte van die bewussyn geleë is, kan hulle sonder inspanning enige moment bewus word. Freud noem hierdie gebied die voorbewuste. Tweedens vind ons die medebewuste: 'n term wat aan Morton Prince ontleen is. Die inhoude van die medebewuste lê dieper in die siel, dit is tydelik vergeet, ons weet van hulle hoewel hulle uit die bewussyn verdwyn het. Tog is hulle net tydelik vergeet. Deur assosiasie van voorstellinge en deur opsetlike nadenke kan hulle na vore gebring word, maar meestal kom hulle vanself later na vore. Daar is derdens die onbewuste inhoude wat werklik en blywend vergeet is. Eers was hulle bewus maar hulle het heeltemal uit die bewussyn verdwyn. Nóg deur inspanning nóg deur assosiasie kan die onbewuste inhoude na vore gebring word. Uit allerlei siele-ervaring blyk egter dat hulle nie vernietig is nie maar bestaan en onder bepaalde omstandighede soos hipnose, verspreek, drome en psigopatologiese omstandighede weer bewus gemaak kan word. Freud noem hierdie inhoude wat in die diepte gehou word „verdronge inhoude." Freud en sy volgelinge het hierdie deel wat soms „Freudiaanse onbewuste" genoem word, bestudeer. Daar is egter ook siele-inhoude en sieleverskynsels wat nooit bewus was nie en dus nie vatbaar vir bewuswording is nie. Hierdie verskynsels lê die diepste in die siel: daarom vorm hulle die grondslag en kern van die mens, en rig en bepaal hulle sy lewe. Hulle is dan vierdens die primêre of eintlike onbewuste. Tot hierdie nooit bewuste aangebore geesteseiendom hoort die sentimente, natuurdrifte, persoonlikheid. Hulle vorm die stukrag, die dinamiek van die hele lewe.

Waar die introspektiewe psigologie die siel in sy oppervlak bestudeer, doen die dieptepsigologie dit in sy diepte. Hierdeur kry ons 'n insig in die afwyking en diepte

van die siele-struktuur en kan eienaardige handelinge verklaar word.[1]

Augustinus was reeds bewus van die stryd tussen die bewuste en onbewuste[2] en Paulus het dit duidelik aangevoel as hy sê: „Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek."[3] Wat Paulus bewus wil doen, dit doen hy nie; dit wat hy wel wil doen, skyn 'n resultaat van die verborge, die nie-bewuste te wees.

Die Christelike psigologie aanvaar die psigo-analise in bepaalde gevalle, selfs wanneer dit as teorie verwerp word. Augustinus het reeds dieper in die menslike siel gepeil as Freud en Adler. Dr. Los beskou tereg die psigo-analise as 'n positiewe verdienste.[4] Die psigo-analise het vir die Christendenker 'n uiters waardevolle bydrae gelewer, waardeur die psigiese struktuur van die kind beter begryp kan word. Die psigo-analise se grootste verdienste vir die Christelike psigologie was dat hy, vir die eerste keer, die sondige siel beklemtoon het. Voorheen het die tabula rasa beginsel gegeld.

As 'n duidelike vorm van naturalisme is die psigo-analise vir die Christen vol innerlike teenstrydighede en as sodanig onaanneemlik.[5]

(iii). Die Behaviorisme.

John B. Watson is die belangrikste geleerde op hierdie gebied.[6] Die behaviorisme of gedragspsigologie stel as objek vir sielkundige ondersoek die gedrag van die

---

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 45 - 46.
2. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 377.
3. Rom. 7:19.
4. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten in de Opvoedkunde, 39.
5. Bavinck. op. cit., 327.
6. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek I, 251.

mens, omdat dit uitwendig waarneembaar is.[1] Dit staan skepties teenoor die mededelinge wat iemand oor homself doen en beskou die dieptepsigologie wat die bewuste lewe as uitgangspunt neem, as wetenskaplik onbetroubaar. Die rigting het ontstaan uit reaksie teen die introspeksie wat die siel, gees of bewussyn as objek het.

Die behavioriste se stof is die gedrag van die mens, wat met objektiewe middels soos die fonogram of film vasgelê en weergegee kan word. 'n Mens begryp die poging in sy betekenis sowel as sy begrensing eers as in aanmerking geneem word dat dit van die dierepsigologiese eksperiment uitgaan. Die eenvoudigste, objektief-konstateerbare gedragselemente by die dier word gebruik om die meer gekompliseerde, minder deursigtige gedrag van die mens te herlei. Daar kan wel vasgestel word hoe 'n dier reageer as sekere prikkels inwerk. Die refleksie het hiermee die voorstelling verdring.[2]

Onder die behavioriste is daar die gematigdes wat die bestaan van die siel erken, maar die siel nie beskou as vatbaar vir wetenskaplike ondersoek nie. Die uiterstes onder hierdie skool ontken selfs die bestaan van die siel.

Hierdie rigting se grondbegrip waarmee gewerk word, is die reaksie. 'n Persoon se gedrag bestaan uit 'n verskeidenheid van reaksies waarvan sommige klein en eenvoudig is en ander gekompliseerd. Sintuiglike organe van die liggaam word geprikkel en die indiwidu antwoord op die prikkel. „Die formule waarop alle sielkundige verskynsels verklaar word, is dan die prikkel-antwoord-formule."[3] Alle sielewerkinge wat so gevorm word, kan tot gewoontevorming herlei word. Ons hele gevoels- en denklewe is aangeleerde reaksies

---

1. Woodworth: Contemporary Schools of Psychology, 44 - 98.
2. Bigot: Psychologie, 10, 28, 68.
3. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 48.

ook aangebore reaksies soos huil, suig, nies, hik en glimlag. Alle ander reaksies is egter aangeleer.[1]

Die hele opvoeding van die mens bestaan dus uit kondisionering.

Uit die aard van die behavioristiese beskouing word alle metodes en verwante metodes van die introspeksie verwerp en word van die sogenoemde objektiewe metode gebruik gemaak. Die natuurlike prikkel word deur die nie-natuurlike vervang. As 'n kind byvoorbeeld aan haar pop vat, word hard op 'n voorwerp geslaan. Die slag wek natuurlike vrees, maar na herhaling is die kind bang vir die pop sonder dat sy die slag hoor.

Vir die Christelike psigologie het die behaviorisme ook sy besondere waarde. Al ontken die rigting die bestaan van die siel, tog help die ekstrospektiewe metode ons om die siel en veral die sielelewe van die kind te verstaan. Die kind kan self nie betroubaar waarneem nie, daarom moet ons hom bestudeer uit sy gedrag, sy handelwyse en sy dade. Hierdie gedrag wat eerstens fisiologies is, word egter deur ons geïnterpreteer. Ons beskou dus die gedrag as 'n uiting van die kindersiel. Sonder om die beginsel van die behaviorisme te erken, kan die Christelike psigoloog uit die waarneming van die gedrag, die kind se sielelewe beter begryp.[2]

Daar is iets verwronge, iets paradoksaals in die behaviorisme. Die feit dat gees en bewussyn buite beskouing bly, bring die gevaar mee dat teruggeval word na die materialisme. 'n Mens sien louter prikkels en reaksies, refleksies en gekondisioneerde reflekse en registreer dit.[3]

---

1. Sien Ross: Basic Psychology, 18 - 62.
2. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 49.
3. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 17.

(iv). Die Gestaltpsigologie.

Die eintlike grondleggers van die gestaltpsigologie is Wertheimer,[1] Koffka en Köhler.[2] Daar bestaan nie 'n Afrikaanse woord as ekwivalent vir die Duitse term „Gestalt" nie. Die rigting het in Duitsland[3] aan die begin van die 20ste eeu ontstaan, veral as reaksie teen die assosiasie-psigologie. Laasgenoemde verbind die sielkundige elemente met mekaar om 'n samestelling te vorm; dit werk met die atome van die siel.

Hierteen kom die gestaltpsigologie in reaksie: die mens is 'n dinamiese eenheid of geheel waarin die onderdele saam werk. 'n Besondere gedrag word nie toegeskryf aan 'n besondere prikkel nie maar die verskillende dele tree as 'n geheel op; by alle sielereaksies tree die siel as 'n geheel op. Daar word met die som van die elemente gewerk.[4] Die som of geheel is egter meer as die som van die onderdele en is iets heel anders. As die verskillende indiwiduele kenmerke van 'n persoon beskryf word, het ons nog nie die persoon nie; daarby ontbreek nog die struktuur, die model, die totaliteit, die gestalt van die persoon. Die gestaltpsigologie wil die gestalt, dit is die struktuur, gestalte, model, vorm, organiese geheel of die totaliteit van die sielelewe ondersoek.

Hoewel die gestaltpsigologie hom ook tot ander sieleverskynsels gewend het, het hy hom veral op die gebied van die waarnemingslewe verdienstelik gemaak. Die standpunt van die gestaltpsigoloë is die van die ewolusieleer en die metode is nie nuut nie: daar word veral van die eksperiment gebruik gemaak.[5]

---

1. Boring: A History of Experimental Psychology, 571.
2. Ibid., 645 - 647.
3. La Grange: Die Decroly-Skool, 53.
4. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 351.
5. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 51.

Deur talle ervaringe en proefneminge kom hierdie skool tot die oortuiging dat daar in die gees van die mens sekere modelle, vorms, verbindings, strukture of gestalte gereed lê en na vore spring wanneer 'n konkrete situasie voorkom. Die plotselinge na vore spring van 'n nuwe insig en die beheersing van 'n nuwe milieu word deur die gestaltspsigoloë „Aha-Erlebnis" genoem.

Veel meer as die behaviorisme het die gestaltpsigologie kant gekies teen die veronderstellinge waarvan die assosiasiepsigologie uitgegaan het.[1]

Ook die gestaltgedagte wek toenemende belangstelling by die Christelike psigologie.[2] Die psigologie gee die mens 'n beter insig in die menslike verstand: 'n persoon met baie gestaltes is iemand met 'n groot verstand.

(v). Dink- en Wilspsigologie van die Würzburgse Skool.

'n Weinig vroeër as die gestaltpsigoloë het 'n ander groep ondersoekers op die gebied van die menslike sielelewe tot soortgelyke resultate gekom. Oswald Külpe, hoogleraar in Würzburg[3] en sy leerlinge het in die laboratorium ondersoek ingestel na die hoëre, meer saamgestelde funksies van die sielelewes, soos byvoorbeeld die uitvoering van 'n voorneme, waarvan sekere moeilikhede in die weg gelê word, of die soek na die verband tussen twee bymekaarhorende sinsnedes of dele van 'n sinsnede. Die metode deur hulle gebruik, is stelselmatige introspeksie of liewer retrospeksie. Nadat 'n mens eksperimenteel 'n bepaalde geesteswerksaamheid by 'n proefpersoon laat plaasvind het, berig die persoon so noukeurig moontlik wat hy onthou van die wyse waarop die

---

1. Bigot en Kohnstamm: Hoofstukken uit de Psychologie, 14.
2. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 370.
3. Boring: A History of Experimental Psychology, 395 - 397.

herkenning en benoeming verloop het, byvoorbeeld as daar tussen 'n klomp onbekende portrette skielik een van 'n familielid verskyn.

Fundamenteel gaan hierdie metode van 'n heel ander veronderstelling uit as die dieptepsigologie of die behaviorisme; ook kan dit nie gebruik word vir kleuters, suigelinge of diere nie. Die metode moet nie na die vooropgesette besware nie, maar na die resultate beoordeel word. Die resultate was dan ook so verstommend dat die aanvanklike kritiek gestaak is en introspeksie as metode stelselmatig weer sy plek in die psigologie verower het.

Die bevindinge op die gehele terrein van die hoëre geestelike funksies groepeer hulle almal om hierdie sentrale gedagte: dat daar veel groter samegesteldheid en verskeidenheid heers as wat die voorstellings- en assosiasiepsigologie wil voorgee. As ons aan die verskeidenheid reg moet laat geskied, moet allerlei terme en woordverbindinge wat in die woordeboek van die ouere psigologie nie voorkom nie, gebruik word.

Ach,[1] Bühler, Messer en Selz, leerlinge van Külpe, is mense met klinkende name op die gebied van die psigologie.[2] Een van die belangrike begrippe van hierdie skool is byvoorbeeld die „aanskoulike wete." Verskyn daar temidde van 'n klomp sinlose lettergrepe of figure onverwags 'n bekende, dan gee die proefpersone die indruk dat hulle reeds geweet het wat gaan verskyn. Daar is 'n soort bewustheid vooraf wat „aanskoulik-weet" genoem word.[3] Dis hierdie vertroudheidsbewussyn wat hulle by die soek na die bekende gelei het. Dis nie een of ander voorstelling nie, dis 'n wete wat daar

---

1. Spearmann: Psychology Down the Ages. I, 402.
2. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 16, 389.
3. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 55.

buite elke voorstelling om bestaan. Noudat Külpe die aandag daarop gevestig het, merk ons dit self buite die eksperiment om. Elkeen het al iets of iemand teëgekom waarvan hy verseker is dat hy iets weet en dat die nadere besonderhede hom aanstons sal byval. Van die waarom, waardeur die wete kom en die verdere besonderhede van die volstrek „seker weet", kan hy geen omskrywing gee nie. Die wete is daar, maar dit het geen grypbare nader definieerbare inhoud nie as net dat dit daar is. Presies so is dit met abstrakte woorde soos „hoewel" of „algemeen": die leser verstaan die woorde onmiddellik en weet dat hy hulle ken, maar 'n „aanskoulike voorstelling" van die woorde kan hy nie gee nie.[1]

Op die gebied van die wil is ook 'n soortgelyke iets te bespeur, in besonder in verband met ons persoonlikheid. Ons weet dat ons 'n persoonlikheid of 'n „ek" besit maar die wete is onaanskoubaar. „Jou-self" bestaan, maar om dit beet te pak, is onmoontlik, hoe jy ook al probeer. „Ek wil" verklaar by 'n situasie die mens beter as blote assosiasie. Die onaanskoulike „ek wil" is die eintlike grondverklaring van alle psigiese gebeure; selfs assosiasie word hierdeur verklaar.[2]

Die dink- en wilspsigologie wil kennis kry van die onaanskoulike wete op 'n wetenskaplike wyse en gebruik daartoe die eksperiment en introspeksie. Laasgenoemde vul eersgenoemde aan en interpreteer die bevindings; daarom is die grondmetode „eksperimentele retrospeksie". Die totaliteit van die „ek" van 'n persoon is dus meer as die afsonderlike eenhede wat ons kan waarneem; dit wat die geheel saambind en vorm gee, is nie afsonderlik waarneembaar nie.

---

1. Bigot en Kohnstamm: Psychologie, 14 - 15.
2. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoed~~ing,~~kunde, 55.

Die Christelike psigologie sien die groot waarde van hierdie rigting in maar waarsku terselfdertyd teen die oordrewe waarde wat aan die „ek" toegeken word, veral in gevalle soos die van Külpe wat die „ek" op 'n bomenslike troon stel.[1]

(vi). Die Geesteswetenskaplike of Begrypende Psigologie.

Dr. Ed. Spranger, professor in Berlyn, is een van die vernaamste verteenwoordigers van die geesteswetenskaplike struktuurpsigologie.[2] Die benaming geesteswetenskaplike psigologie toon aan dat die rigting hom teenoor die objektiewe of natuurwetenskaplike rigting, naamlik die behaviorisme, stel.[3] Waar die dink- en wilspsigologie van die Würzburgers deur die eksperiment ontwikkel is, het die Duitsers die „verstehende" of „geisteswissenschaftliche Psychologie" van heel ander oorsprong ontwikkel, in teenstelling met die causaal- verklarende-psigologie.[4]

Twee faktore wat saamwerk, kan hier onderskei word.[5] Die eerste is 'n studie van die geeteslydendes, die geestessiektes of abnormale sielelewe. Hierby kan ons dan twee gevalle skerp onderskei. Eerstens deurleef die pasiënt ervaringe wat die normale mens in meerdere of mindere mate belewe; die afwyking lê dus nie in die aard nie maar in die intensiteit, die tempo of die duur van die verskynsel. Die melancholiese persoon kan ons begryp uit 'n neerdrukkende gevoel wat ons self nou en dan deurmaak. Die afwyking lê egter daarin dat die pasiënt sonder oorsaak, sonder uitwendige omstandighede in 'n ononderbroke droewige stemming is. Veel verder van ons sielelewe is egter verwyder die gevalle waar 'n pasiënt byvoorbeeld bekende voorwerpe, wat hy jare lank ken

---

1.Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 389.
2.Rombouts: Zielkundige Begrippen, 172.
3.Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde,56.
4.Bigot & Kohnstamm: Hoofstukken uit de Psychologie, 17.
5.Casimir en Verheyen: Paedagogische Encyclopaedie, 430 - 433.

en hanteer, nog ken en hanteer maar nie meer die name daarvan kan uitspreek of herinner nie, of in gevalle selfs ander spraaksteurnisse vertoon. Deur anatomiese kennis kan baie van laasgenoemde gevalle deur die chirurgie verbeter word, maar daardeur word die samehang tog nie vir ons begrypliker nie. Wat dus die laaste geval van die eerste onderskei, is die vergelyking met en deur ons as 'n sinvol deurleefde samehang. As 'n psigiese afloop daarin blyk te pas, praat ons van 'n „begryplike" samehang.

Karl Jaspers en ander psigiaters het die tweede invloed, die „pas in 'n sinvolle verband", probeer verklaar deur hulle te vereenselwig met 'n ander groep ondersoekers wat van die studie van geskiedenisidee op die voetspoor van Wilhelm Dilthey,[1] die Berlynse filosoof uitgegaan het. Hulle gaan van die standpunt uit dat die gedrag van die indiwiduele mens nie altyd 'n sinvolle geheel is nie; dit kan vol teenstrydighede wees; die mens kan deur drifte en magte waarvan hy nie eens bewus is of nie oor nadink nie, gedryf word. Maar die objektiewe beskouer kan soos die historikus naspeur. Hy kan die puberteitsleeftyd oplettend beskou en in die skynbare warboel- omdat die indiwiduele verskynsels in die algemener verband pas - 'n gemeenskaplike waarde bemerk. Soos die historikus 'n sekere periode leer begryp as woeling en worstelling om 'n nuwe ontwikkeling te bereik, so kan die woeling, gisting en worsteling in die puberteitseun begryp word as 'n noodsaaklikheid om tot 'n selfstandige verantwoordelike man te ontwikkel. Edward Spranger,[2] 'n beroemde Duitse psigoloog, het baie mense na hierdie beskouing oorgehaal. Hy het in sy „Lebensformen" die mense geklassifiseer ooreenkomstig waardes wat hulle as

---

1. Müller - Freierfels: De Voornaamste Richtingen in Hedendaagsche Psychologie, 179 - 188.

2. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, I, 600 - 607.

die belangrikste beskou. Hy het die mense in 'n sestal tipes verdeel: teoretiese, ekonomiese, politieke, estetiese, sosiale en religieuse.[1]

Hierdie beskouinge wys heen op uitkomste waartoe ook ander rigtings geraak het. Die dieptepsigologie kom hiermee ooreen omdat dit nie by die onverklaarbaarhede van die bewuste ek gebly het nie, maar daaragter of daarbo 'n samehang veronderstel wat ons soeke na 'n sinvolle verband beter bevredig het. Met die Würzburgers kom die begrypende psigologie daarin ooreen dat hulle die essensiële van die sielelewe in die hoëre funksies sien en nie in geïsoleerde gewaarwordinge of voorstellinge nie.

Langs hierdie weg egter kan ons alle samehang van die sielelewe nie leer ken nie. Daar is ook „causale" verhoudinge, afhanklikhede wat ons moet konstateer sonder dat ons dit begryp. Juis ook hierom moet ons weer meld dat verskillende psigologiese skole nie juis as teenstanders waarvan die een of ander die regte is, gesien moet word nie, maar hulle moet aanvullend wees.

Die geesteswetenskaplike psigologie is vir die Christendenker van groot betekenis: dit het besonder goeie invloed op die pedagogiek en veral op die studie van die kind se geestesontwikkeling.

(vii). Die Tipologie of Tipe-psigologie.[2]

As die dierkundige 'n bepaalde dier ondersoek, gaan dit vir hom nie om die besondere dier nie maar om die algemene eienskappe van die soort. As die opvoeder 'n kind bestudeer, is dit nie om 'n algemene insig te kry nie, maar dit gaan om wat die beste is vir die bepaalde kind. Hierdie

---

1. Sargent: The Basic Teaching of the Great Psychologists, 139.

2. Sien Mennicke: Moderne Psychologie, 182 - 222.

teenstrydigheid is skynbaar verwarrend want algemeenhede kan nie op indiwidue toegepas word nie en indiwiduele gevalle pas nie altyd by die algemene nie. Dit is egter 'n heeltemal ander geval indien 'n mens van die tipologie 'n vingerwysing verwag, waarop 'n mens by 'n konkrete geval moet let. Anders gesê: as 'n mens kennis het van een of ander algemene tipe en 'n leidraad verwag om 'n weg te vind in die doolhof van gegewens wat ons van elke konkrete geval bekom, kan die gekompliseerdste werklikheid naamlik die indiwiduele mens beter begryp word. Die tipe-psigologie, of tipologie of karakterologie.[1] het die betekenis van hierdie gesigshoek ingesien. Die eerste belangrike indeling is deur G. Heymans gemaak.[2]

In die beginstadium van hierdie rigting was dit die differensiële psigologie wat die saak aangedurf het.[3] Die indeling van Spranger is nie afdoende nie, omdat dit nóg die verskille nóg die ooreenkomste toereikend weergee. Natuurlik het Spranger nie bedoel dat sy mense as suiwere tipes op die aarde rondloop nie.[4]

Kretchmer het in 'n besondere studie nadruk op die verband tussen liggaamsbou en karakter gelê.[5] Aan die eeu-oue alombekende volkswysheid, naamlik dat die uiterlike van die mens sy innerlike verraai, het hy wetenskaplike fundering gegee. C. Jung se verdeling het twee groot tipes met elk vier bytipes. Twee Afrikaanse geleerdes wat ook besondere

---

1. Kretschmer: Physique and Character, 113 - 115.
2. V.d. Hoop: Nieuwe Richtingen in de Zielkunde, 156 - 262.
3. Bigot en Kohnstamm: Psychologie, 46 - 64.
4. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 260.
5. a. Kretschmer: op. cit.;
   b, V.d. Spek: Moeilikheden by den opvoeding onzer Kinderen, 42.

bydraes gelewer het, is prof. Hugo, 'n leerling van Heymans[1] en veral prof. Willemse[2] met 'n besondere mooi en diepgaande studie.

Hoe inniger ons die samehang tussen liggaam en gees leer ken, hoe meer ons besef dat 'n tipe-beskrywing ontoereikend is indien dit nie in besonder let op beide kante van die onverbreekbare eenheid nie. Tog het hierdie verskillende indelings sy groot waarde. Daar is geen werklik tipiese vorm van 'n mens nie; oor die algemeen is die mens 'n gemengde tipe, en hoe meer eienskappe hy van die verskillende tipes vertoon, hoe normaler is hy. As ons egter die vingerwysing van die tipe-psigologie gadeslaan, kan dit vir ons van onskatbare waarde wees om die indiwidu te verstaan.[3]

Die Christelike psigologie onderskei by die beoordeling van die tipografie twee gesigspunte, naamlik: die morele en funksionele. By eersgenoemde vra dit hoe die mens teenoor God staan, hoe teenoor homself. By die funksionele verander die mens ook: die mens is wat hy word; sy karakter lê in sy geskiedenis.

(viii). Die Hormiese Psigologie.

W. McDougall, die Engelse psigoloog, is die grondlegger van hierdie rigting wat in belangrike opsigte met die diepte-psigologie ooreenkom en 'n reaksie teen die assosiasiepsigologie vorm en tegelykertyd 'n teenstander van die behaviorisme is.

Die rigting word hormiese psigologie genoem na die Griekse woord „hormé", wat „dryfkrag" beteken: Hierdie dryf-

1. Hugo: Karakterstudie en Opvoeding.

2. Willemse: Constitution - Types in Delinquency.

3. Sien Heymans: Inleiding tot de Speciale Psychologie. II. 64-189.

kragte noem McDougall instinkte. Morton, Kimmius en Green, die voortreflike kinderkenners, het ook naastenby McDougall se weg gegaan.[1] Die hormiese psigologie is 'n psigologiese rigting wat as uitgangspunt het die doelgerigtheid en doelbeheersing van ons sielelewe. Die natuurdrifte word as bron van die doelgerigtheid in ons lewe aanvaar.[2] Die instinkte is die dryfkrag van die mens se lewe; die strewings is dus die vernaamste inhoud van ons sielelewe; hulle word belangriker as ons denke of ons gevoel beskou. Elke liggaamsbeweging, gedagte, aktiwiteit word deur die instink opgewek, aangevoer en onderhou. Indien die instink-neiging verdring word, is die mens nie in staat tot enige aktiwiteit nie.

McDougall gee die volgende lys van instinkte: instinktiewe vrees, afkeur, strydlustigheid, selfvernedering, ouerskap, seksinstink, kudde-instink en die instink van hebsug.[4] Aan die instinkte ken hy ook meerdere en mindere waarde toe. Die dryfkrag agter alles en agter alle handelinge is die instink.[5] Dit is die toerusting waarmee die prikkels verskerp, waarmee emosies ervaar en waarmee op 'n sekere wyse gehandel word. Baie psigoloë het hierdie standpunt onderskryf.[6] McDougall se hele psigologiese ondersoek bestaan dan ook in die naspeuring van die instinkte en hulle weë. Hy onderskei dan ook drie funksies, naamlik die ontvangende, uitvoerende en verbindende funksies. Op die wyse onderskei hy in die instinkte 'n sensoriese, motoriese en emosionele funksie.[7] Dit is egter 'n vraag of instinkte so

---

1. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 17.
2. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 62.
3. Woodworth: Contemporary Schools of Psychology, 205.
4. McDougall: Introduction to Social Psychology, Chap.III.
5. Ibid., 18 - 76.
6. Sargent: The Basic Teachings of the Great Psychologists, 113.
7. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 63.

wydomvattend is as wat die hormiese psigologie wil voorgee.[1] Die groot waarde van hierdie skool lê vir die Christen daarin dat dit die mens se lewe in sy doelgerigtheid en doelbeheersdheid sien, dat dit die dryfkragte in die mens as opvoedbaar sien, en dat deur sulke opvoeding die mens moreel op 'n hoër vlak kan lewe.[2]

(ix). <u>Noëgenetiese Psigologie.</u>

Onder leiding van Charles Spearman, een van die bekwaamste psigoloë van Engeland, het aan die Universiteit van Londen die noëgenese, dit is die ondersoek na verstandsontwikkeling, ontstaan.[3]

A. Binet, die Franse psigoloog, het met die beweging van verstandsmeting begin.[4] Spearman het reeds vanaf 1904 hom by die beweging aangesluit en sy aandag daaraan gewy. Hy ondersoek veral die wese van die verstand. Volgens hom kom twee soorte verstandsfaktore by alle verstandswerking voor. Die algemene faktor of intelligensie word deur die letter „g"[5] voorgestel en die spesifieke faktor of intelligensie stel hy deur die letter „s" voor. Ons moet beide by verstandsmeting ondersoek. By die vasstelling van „g" moet 'n groot aantal ondersoeke en 'n verskeidenheid daarvan uitgevoer word met die verwagting dat „g" sal uitkristalliseer en die s'e mekaar sal elimineer.[6]

Die noëgenetiese psigologie moet die ontstaan en ontwikkeling van ons kennis ondersoek, omdat die mens deur sy verstand kennis byeenbring.

---

1. Stout: A Manual of Psychology, 364.
2. McDougall: Introduction to Social Psychology, 189.
3. Sien Spearman: Psychology Down the Ages, Vol. I & II.
4. Valentine: Experimental Psychology, 219.
5. Guilford: General Psychology, 516.
6. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 64.

In die ontstaan en ontwikkeling van kennis onderskei Spearman by elk drie prosesse. By die ontstaan noem hy eerstens bewuswording, tweedens die waarneming van verhoudings en derdens die vorming van denkobjekte. Die mens word dus bewus van sy bestaan, sy neiginge, van dele van sy ervaring en van dinge wat hy bewus en onbewus waarneem. Maar die dinge word ook in verhouding waargeneem, in verhouding onderling en in verhouding tot ons self. Sodoende word daar begrippe gevorm.

Die volgende drie prosesse word by die ontwikkeling van ons kennis onderskei: eerstens is daar die neiging om dinge wat ons waargeneem het te vergeet, nie-essensiële sowel as essensiële dinge word vergeet, maar tweedens is ons geneig om die dinge wat ons vergeet het weer op te haal en terug te roep. As ons dit nie kan terugroep nie, sou ons geen kennis kon versamel nie. Derdens noem hy die sterkte en helderheid van die vergeet en terugroeping. Daar is gedurig 'n verskil in die helderheid en sterkte van die verskillende dinge wat ons terugroep.[1)]

Volgens Spearman gee die ses prosesse verklaring van al ons geestes-, en verstandsprosesse; elke kenproses kan daartoe herlei word en die nie-kenprosesse kan bevredigend verklaar word.

Spearman onderskei drie kwalitatiewe en vyf kwantitatiewe beginsels om aan te toon en te verklaar hoe ons verstand werk en veral om aan te toon hoe bewuswording, waarneming en denke tot handeling oorgaan. Met die agt beginsels verklaar Spearman alle verstandsontwikkelende verskynsels.

Onder kwalitatiewe beginsels noem hy ervaring,

---

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 64 - 65.

beginsels van verhoudinge en die beginsels van korrelate. Onder die kwantitatiewe beginsels wat moet verklaar in welke mate, op welke manier en wanneer die kenprosesse in aksie gebring word, plaas hy: geestesenergie, retentiwiteit, vermoeidheid, strewende beheer en oorspronklike dryfkragte. Hy maak gebruik van die volgende metodes: introspeksie, retrospeksie, verstandstoetse, wiskundige berekening en sistematiese deurdenking.[1)]

Elke persoon het 'n sekere hoeveelheid algemene bevoegdheid wat tot uiting kom by enigiets wat hy onderneem, maar daar is besondere bevoegdhede wat by besondere take na vore tree.[2)]

Hier het ons 'n verklaring van wat die verstand is en hoe hy ontwikkel, ook van die ontstaan en ontwikkeling van kennis. Van besondere belang is die praktiese waarde wat dit vir die opvoeding het. Spearman meen dat hy 'n psigologie ontwerp het wat 'n „skool is om skole te beëindig."[3)]

Vir die Christelike psigologie het hierdie rigting teoretiese betekenis deurdat die kenproses, die verstandsopvoeding, die kennis van die verstand en die ontstaan en verwikkeling daarvan van so 'n groot belang by die opvoeding is. Maar dit het ook sy praktiese waarde: aan die skool word 'n nuwe metode van verstandsmeting verskaf waarin kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe beginsels tot uitdrukking kom.[4)]

4. <u>Gereformeerde Psigoloë van die Twintigste Eeu</u>.[5)]

---

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 65 - 67.
2. Sargent: The Great Psychologists, 23.
3. Banks: Conduct and Ability, 157 - 175.
4. Coetzee: op. cit., 67.
5. Sien Coetzee: Die Psigologie as Vak-Wetenskap in Philosophia Reformata, 3e Kwartaal, 1939, 136-140.

(a) Inleiding:

Dit is vir ons nodig om te wys op enkele Gereformeerde psigoloë van die twintigste eeu om daardeur tot 'n duideliker insig te geraak oor hoe teen die oordraging van vreemde beginsels in die toegepaste psigologie gewaak word. Deur te wys op die opvattings van H. Bavinck, Waterink, Hoekstra, J.H. Bavinck, Coetzee en Geesink sal ons 'n duideliker beeld van die Gereformeerde psigologie kry.

Soos daar vir elke rigting in die psigologie 'n metode is en die metode aan die beginsels van die rigting getoets word, so word elke metode deur die Gereformeerde psigologie getoets nie alleen om sy bruikbaarheid in die praktyk nie, maar allereers word dit na sy principia getoets. Dit beteken nie dat elke rigting van vooraf begin nie. Wetenskap is vir sover dit gegewens betref inter-konfessioneel en inter-prinsipieel; maar dit geld dan ook alleen vir sover dit die gegewens betref. Wat die sisteem betref, moet dit op die grondslag van die beginsels opgebou word.[1] So word die psigologiese gegewens ook van positief Christelike kant waarderend aangewend.

(b) H. Bavinck.

Bavinck beskou die psigologie, hoe empiries ookal beoefen, steeds as 'n wysgerige wetenskap.[2] Hierdie opvatting, in 1920 neergeskryf, tipeer Bavinck as psigoloog. In 1897 was hy digotomis,[3] dit wil sê hy het die twee-vermoënsleer gehuldig: 'n kenvermoë wat indrukke van buite opvang en 'n streefvermoë wat na buite werk. 'n Oortuigde digotomis was hy egter nooit, want uit sy geskrifte blyk oral dat hy

---

1. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, I, 285.

2. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 13.

3: Bavinck: Beginselen der Psychologie.

nie deur die leer bevredig word nie.[1] Daarom maak die Aristoteliese digotomistiese opvatting by hom reeds gou plek vir die „ek" in sy funksies.[2] Die bewussynsverskynsels kan nie geïsoleerd voorkom nie, maar staan onderling in 'n innige wederkerige verband met mekaar en kom saam uit die diepte van die persoonlikheid.[3] Die geheel is dus nie atomies uit die saamvoeging van dele nie, maar omgekeer: die dele is organies uit die ontplooiing van die totaliteit te begryp. Met hierdie opvatting het Bavinck baie naby die opvatting van die huidige totaliteitspsigologie gekom.[4]

By dit alles aanvaar Bavinck alleen so 'n psigologie wat in die uitwerking van die gekonstateerde gegewens, in die verklaring van feite en in die opstel van gevolgtrekkinge nie in stryd is met sy dogmatiek en wysbegeerte nie. Sy kritiek gaan dan ook nooit teen die psigologiese feite nie maar wel teen die afgeleide konklusies.[5]

Bavinck put sy gegewens oor die sielsbegrip uit die Heilige Skrif;[6] tog probeer hy nie om 'n bepaalde sielkunde, wat alle gegewens soos deur die empirie en eksperiment aangewend, te verskaf nie.[7] Hy gee goeie prinsipes waarop gebou kan word:[8] daarom bly hy die grondlegger van die Gereformeerde psigologie.

---

1. Sien a. Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 45.
   b. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 16.
2. Bavinck: De Overwinning der Ziel, 27.
3. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 183.
4. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 16.
5. Sien Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 40.
6. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie.
7. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek I, 286 - 287.
8. Sien Rombouts: Historiese Pedagogiek, IV, 41 - 59.

(c) J.H. Bavinck.

Veel meer as sy veelsydige oom probeer J.H. Bavinck om die eksperimentele sielkunde vanuit 'n bepaalde rigting saam te vat. Sielkunde is vir hom die „wetenschap van het psychische."[1] Hy ag die digotomisme en trigotomisme te arm, en onderskei vyf funksies: die ontvangende, die bewarende, die verbindende, die waarderende en die verlangende.[2]

Die mens se bewussynslewe begin met gewaarwordings, dit is onmiddellike reaksies op prikkels. Gewaarwordings ondervind die mens, maar waarnemings doen hy. In elke gewaarwording en in elke waarneming is daar 'n fisiese iets (prikkel, orgaan, senuweeprikkel) en 'n psigiese iets (die bewuswording). Waar die eerste stoflik is, is die tweede geestelik van aard. Die oorgang van die eerste na die tweede is 'n groot geheim. Die fisiologiese ondersoek wys hier ook op die woord van die Heilige Skrif dat die mens „kunstig geweef"[3] is. Tog laat Bavinck na om aan te toon waarom sy opvatting van die onderskeie psigiese gegewens en sy organisasie van die persoonlikheid op die ortodokse standpunt saamgestel is.[4]

(d) T. Hoekstra se optrede is van groter betekenis vir die ontwikkeling van die psigologie as hulpwetenskap vir die pedagogiek.[5] Hoekstra, wat Bavinck aan die teologiese skool by Kampen opvolg, is nie alleen teoloog nie maar ook psigoloog en pedoloog. Die standpunt wat hy in die psigologie inneem, is bewus die Christelike. „Gelijk in alle

---

1. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 4.
2. Ibid., 31 - 254.
3. Psalm: 139: 15.
4. a. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, I, 287.
   b. W. Inleiding in de Zielkunde van J.H. Bavinck in Paedagogisch Tijdschrift 1926, 185 - 189.
5. Waterink: op. cit., 287.

wetenschap zoo is ook hier het Woord Gods, dat in de Heilige Schrift is gecodificeerd, de lamp voor den voet en het licht voor het pad."[1] Die Skrif verhoed dat die mens in doolweë beland en weer die verkeerde, maar dit stel ook prinsipes waardeur die mens by sy ondersoek en nadenkinge gelei kan word. Veral in sy „Psychologie en Catechese" het hy vir die Christelike psigologie 'n besondere bydrae gelewer.[2]

Hier dui hy duidelik aan hoe 'n psigologiese beskouing, wat in beginsel dieselfde is as die hoofwetenskap wat behandel word, die gebruikte psigologiese gegewens enersyds hulle juiste waarde onderling toeken,[3] terwyl dit andersyds juis so die gegewens vir die hoofvak onmisbare hulpmiddels skenk.

Hoekstra is trigotomis,[4] maar hy praat liewers van funksies as van vermoëns.[5] Sy bedoeling is egter nie om 'n eie psigologie in volle omvang te gee nie: dit gaan vir hom om die verhoudinge.

(e) J. Waterink.

Waterink is die opvolger van H. Bavinck aan die Vrye Universiteit van Amsterdam. Sy inougurele rede, „Berekening of Constructie", gee die grondgedagte van sy standaardwerk[6] weer. Waar Bavinck die algemene pedagogiese rigtinge aangegee het, het Waterink die sisteem uitgewerk.[7] „Berekenen"

---

1. Hoekstra: Paedagogische Psychologie, 6.
2. a. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek I, 287 - 288.
   b. Rombouts: Historiese Pedagogiek, IV, 167.
3. Waterink: Ons Zieleleven, 25.
4. a. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 32.
   b. Rombouts: op. cit., 167.
5. Hoekstra: Paedagogische Psychologie, 39 - 45.
6. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek.
7. a. Waterink: Ons Zieleleven.
   b. Sien Coetzee: Die Psigologie as Vak-wetenskap, 138.

doen die pedagogiek wat bou op die psigé en „construeeren"as dit van die logos (die idee) uitgaan. Eersgenoemde is die induktiewe weg wat sigself oriënteer na die hulpwetenskappe: psigologie, sosiologie, biologie. Konstruksie weer is die deduktiewe weg wat homself oriënteer na die grond- of normwetenskappe: wysbegeerte, dogmatiek, etiek.[1] Die tug wil hy binne die kader van die pedagogiese totaal plaas.[2] Die goeie wat ons wil, dit doen ons nie.[3] Op sy psigologie bou hy dan ook sy skoolorganisasie.[4]

(f) S.O. Los.

Vanuit Gereformeerde standpunt probeer Los om 'n eie psigologiese beskouing op te bou en sodoende 'n psigologie te ontwerp wat geheel en al by 'n Christelike pedagogiek sal pas. Hiervoor beweeg hy hom spesiaal op die gebied van die karakterkunde.[5]

Die bewussyn is volgens sy opvatting by die pasgebore kind kompleet in dele maar nie in trappe van ontwikkeling nie. By die eerste bewussynslaag wat gevorm word, het die gevoel voorrang, omdat die wil nog impulsief is en die verstand nog geen lig sien nie. Dan word die wil superieur maar omdat dit deur die verstand swak belig is, is die wil kragtiger en minder diep en blywend. By die derde bewussyns-laag lei die

---

1. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek I, 517, 544, 550.
2. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Paedagogiek, 274.
3. Waterink: De Oorsprong en het Wezen van de Ziel, 120.
4. Waterink: „Schoolhervorming of niet" en „Schoolorganisatie Voorstel" in Paedagogisch Tijdschrift, I-VI, in jaargange 22-23 en I en II, in jaargang 24.
5. a. Rombouts: Historiesche Paedagogiek, 167.
   b. Waterink: Inleiding tot de Paedagogische Paedagogiek I, 288.

rypheid van verstand tot vastheid van wil en handeling (karakter) en tot die besit van 'n persoonlikheid (selfbewuste en verantwoordelike ek). Die onderskeid tussen die drie leeftye naamlik die kind, die puberteit en die volwassene word wel erken, maar weinig sien in dat die siel hom op verskillende wyse by die verskillende tydperke openbaar. Hiermee moet die karakterkunde rekening hou. Tog is daar geen algemene skema van karakterindeling wat by die drie tydperke pas nie.

By die vorming van die karakter is Los se opvatting dat die pedagogiek 'n amptelike vak is wat nie feite van ontwikkeling en 'n sisteem na vore bring nie, maar wat reëls ontdek waarna die pedagogiek hom moet gedra by die vorming van die karakter.[1)]

Waterink se beswaar hierteen is dat die sielkunde - watter hulp dit ons ook bedien - tog besig is met die siel wat 'n eie geestelike selfstandigheid is met 'n eis, oorsprong, wese en duur.[2)]

(g) J. Chr. Coetzee.

In Suid-Afrika is die kampvegter van die Christelike psigologie prof. dr. J. Chr. Coetzee van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die menslike struktuur is vir hom 'n eenheid,[3)] 'n geheel of 'n totaliteit en nie die som van twee of meer dele of elemente nie.[4)] Die mens is 'n siel-liggaam-wese, maar in die siel onderskei hy twee „dele": die psige en die gees. In die mens is dus drie synsvorme verenig, naamlik liggaam,

---

1. Uiteensetting van dr. Los in Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, IV, 289 - 291.

2. a. Ibid., 293.
   b. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 37.

3. Coetzee: Die Psigologie as Vak-wetenskap.

4. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 69 - 84.

lewe en gees. Tog is die mens nie liggaam, of lewe of gees nie maar die saamorganisasie van die drie synsvorme.[1] Die gees egter is die kern van die mens se persoonlikheid en is die hoogste in die organisasie van die mens.

Die belangrikste funksies en vermoëns van die menslike siel is: taal, waarneming, opmerksaamheid, geheue, denke en verstand as die kenfunksies, die gevoelsfunksies en die strewingsfunksies. Die uiteensetting van hulle gee slegs stuksgewyse 'n beeld van die mens, want die mens bly 'n eenheid. Hy is meer as die som van sy funksies en vermoëns: hulle is tot 'n eenheid of totaliteit saamgeorganiseer.

Allerlei dryfkragte werk in die mens se lewe. Daar is drie groepe: die drang na selfbehoud, -ontplooiing en -handhawing; die drang na geselligheid, simpatie, vriendskap, liefde, en die drang na die Almagtige. Die lewensmotiewe is dus drieërlei: persoonlike, sosiale en religieuse. Om die mens te verstaan, moet sy persoonlike, sosiale en religieuse ontwikkeling nagegaan en saamgebind word.[2]

„Maar hoe siel en liggaam saamwerk en waar die grens lê tussen hulle, is en bly 'n raaisel. Ons aanvaar ten slotte in die geloof die verband, al verstaan ons daar niks van nie"[3]

(h) W. Geesink[4] praat van psigologie of sielkunde, waaronder hy verstaan die wetenskap van die „zielen psyche". Die psigologie ondersoek vir hom: die menslike liggaam, die menslike siel, die ontstaan van die siel, bewussyn, siel en liggaam, die psigiese gebeure, gewaarwording, waarneming, voorstelling, assosiasie en geheue, verbeelding, verstand, gevoel en gemoedsbeweging, strewe en drif en begeerte, en wil.[5]

---

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 225.
2. Ibid., 226.
3. Ibid., 84.
4. Geesink: Van's Heeren Ordinantiën, Eerste deel.
5. Coetzee: Die Psigologie as Vak-wetenskap, 137.

Sy psigologie is op die Heilige Skrif gebaseer daarom gee hy ook soos die ander Gereformeerde psigoloë,[1] onder wie H. Bavinck 'n besonder belangrike plek inneem, 'n Skriftuurlike psigologie.

(i) Opmerking.

Uit die historiese oorsig bemerk ons dat die psigologie 'n feitewetenskap is wat deur die Christen ooreenkomstig sy lewens- en wêreldbeskouing geïnterpreteer word. Die Christelike psigologie aanvaar die gekonstateerde feite maar oorskat nie die waarde daarvan vir die skool nie. Daarteenoor verguis die Christen ook nie die psigologie nie omdat hy alles wat God in Sy skepping gee as belangrik beskou, ook die psigiese lewe van die mens.

Ons het hier te doen met beginsels en biologiese feite. Alleen beginsels wat op die Openbaring van God in die Heilige Skrif gebaseer is, het vir die Christen oortuigende krag. In die feite het hy die materiaal wat met die Skrifkriterium gekleur moet word; of anders gesê: die Skriftuurlike prinsipe word toegepas op die biologies- psigologiese feitemateriaal.

Die Christelike psigologie is dus 'n psigologie waarin die norme uit die Woordopenbaring en die gegewens uit die kosmos tot 'n sintese word: dit is 'n psigologie wat aansluit by die skeppings- en herskeppingsgegewens.

Uit hierdie studie is dit vir ons duidelik dat ons Bavinck nie alleen klassifiseer onder die Christelike psigoloë nie maar wel ook onder die moderne Christelike psigoloë van die twintigste eeu. Verder is hy die grondlegger van die Gereformeerde psigologie.

Aangesien sy lewens- en wêreldbeskouing hom daartoe

---

1. Coetzee: Die Psigologie as Vak-wetenskap, 140.

gebring het om 'n besondere bydrae op die gebied van die psigologie te lewer, word in die volgende hoofstuk sy algemene beginsels van die psigologie behandel.

(j) Samevatting.

(i) Die Christelike psigologie interpreteer die feite van die psigologie as feite-wetenskap ooreenkomstig sy eie lewens- en wêreldbeskouing wat deurgaans bepaal word deur die Heilige Skrif.

(ii) Die mens is 'n eenheid deur God geskape na Sy beeld. Van hierdie eenheid is die „ek" die sentrum van sy lewe. Deur die sonde is daar egter gedurig 'n stryd tussen goed en kwaad in die menslike siel.

(iii) Hoewel dit nie duidelik is hoe die siel ontstaan het nie, is dit tog van God. Saam met die liggaam vorm dit die menslike eenheid.

(iv) Tot aan die einde van die 19de eeu was die ontwikkeling op die gebied van die psigologie stadig.

(v) Van die twintigste eeu se begin af het die psigologie met rasse skrede vooruit gegaan. Talle skole en rigtinge het ontstaan en ondersoekinge het baie lig op psigologiese probleme gewerp.

(vi) Die Christelike psigologie het tred gehou met al die ontwikkelings en op duidelike wyse die feite-materiaal geïnterpreteer ooreenkomstig die Skriftuurlike prinsipe.

(vii) Onder die Gereformeerde psigoloë neem Bavinck nie alleen 'n eerste plek in nie, maar hy is vader van dié psigologie omdat hy die grondlegger is van die Christelike psigologie.